Suite nr 2,
Garsfontein office park
645 Jacqueline avenue
Pretoria
0081.
+(27)82 5622 188 / albert@nampoalfa.co.za

ALFA-aanlyn 2021-program: 1 Mei 2021 - 31 Augustus 2021 &
Nampo/ALFA 2021 program op Nampopark: 30 September 2021- 2 Oktober 2021

Die onderstaande programme en projekte word as deel van die ALFA 2021-ervaring beplan: die eerste deel as deel van die ALFA-aanlyn program en die tweede deel as deel van die NAMPO/ALFA program op NAMPO Park. (Of geleentheid kan voortgaan sal 1 Junie 2021 bevestig word). Al die borge is nog nie finaal bevestig nie en van die nuwe projekte en geleenthede moet ook nog gefinaliseer word. 'n Volledige program met datums en operasionele besonderhede sal spoedig gedeel word. ***Meer inligting oor die program en opdatering van die program is beskikbaar op*** ***www.alfaexpo.com***, ***www.nampoalfa.co.za*** en die ALFA Facebook blad.

Vleisbeesprogram:

1. ***ALFA Nasionale Vleisbees-Interraskampioenskap (Borgskap nog nie bevestig nie)***
   Wenners van die verskillende streekskoue (dié wat wel voortgaan) asook raskampioenskappe word genooi om op Nampopark aan die vyfde aflewering van hierdie gesogte kampioenskap deel te neem om die nasionale wenners aan te wys.
2. ***Zoetis-Aanlyn-Interrasskou***
   Telers van verskillende vleisbeesrasse word genooi om aan die tweede aanbieding van hierdie aanlynkompetisie deel te neem wat in die Covid-19-pandemie gebore is om die kampioen-interraskoei en -bul in SA aan te wys.
3. ***Zoetis Inter-Kontinentale-Interrasskou***
   Wenners van die SA kompetisie neem deel saam met inskrywings van Australië, Argentinië en die res van Afrika om die vleisbees-interraskampioenkoei en -bul van die suidelike halfrond aan te wys.
4. ***Bloemskou-Interrasbeoordeling-Webinaar***
   Die onderwerp van interrasbeoordeling word vanuit die gesigspunt van die nasionale interrasbeoordelaars en senior stoettelers bespreek om deelnemers aan die interras kompetisies te ondersteun.
5. ***Nutri Feeds Moneymaker-nominasies***
   Hierdie projek gee erkenning aan uitsonderlike leeftydprestasies van koeie en bulle in die laaste fase van hul produksielewe. Vrugbaarheid en die prestasie van hul nageslag en hulself word in ag geneem.
6. ***Alfa Vleisbees Prestasie Kampioenskappe (Borgskap nog nie bevestig nie)***
   Dieselfde proses wat telers gebruik vir die seleksie van vervangingsverse en jong bulle word gebruik om die tien beste diere in elke vleisbeesras op grond van prestasiedata en funksionele doeltreffendheid aan te wys.
7. ***RPO Nasionale Interras-Slagoskompetisie***
   'n Interraskompetisie tussen SA se vleisbeesrasse word by twaalf abattoirs in al nege provinsies aangebied. Wenners word per abattoir, per provinsie, per ras en nasionaal aangewys vir enkelkarkas en groep van vier.
8. ***SAFA Beef Brand Challenge***
   Verskillende vleisbeeshandelsmerke ding vir die tweede keer mee om Suid-Afrika se kampioen-vleisbeeshandelsmerk aan te wys op grond van 'n wetenskaplike evaluasie deur die UVS.
9. ***Cape Gate Mega-Oskompetisie***
   Hierdie kompetisie wys jaarliks die grootste os in Suid-Afrika aan. Vir die tweede jaar word dit saam met Agri Gauteng aanlyn en op Nampopark aangebied. (verlede jaar se wenner het 1,35 ton geweeg).
10. ***LNR/Afridata-vleisbeeswebinaar***

Suite nr 2,
Garsfontein office park
645 Jacqueline avenue
Pretoria
0081.
+(27)82 5622 188 / albert@nampoalfa.co.za

Hierdie webinaar kyk na vleisbeesboerdery vanuit die oogpunt van die ontwikkelende boer en bespreek die belangrikste aspekte wat sukses sal bepaal.

11. **ALFA prestige alleras bulveiling *@ NampoALFA aangebied deur GWK Veewinkel.***
    Dit is die eerste jaar dat hierdie prestige veiling op Nampo park aangebied word. Top bulle van vyf verskillende rasse gaan aangebied word. Die veiling word as deel van die Cattle-fest program aangebied.
12. ***ALFA People's Choice beefbreed challenge (Borgskap nog nie bevestig nie)***
    Besoekers aan Nampo/ALFA kry die geleentheid om lendeskyf stukkies van vyf verskillende rasse te proe en vir hul gunsteling te stem. Die wenras dra die kroon as die keuse van die mense.
13. ***ALFA cattle fest***
    Die vleisbeesbedryf en alle aspekte daarvan word by die geleentheid gevier met 'n osbraai en Ruan du Toit se musiek. Al die ALFA-projekte se toekennings, Samic se nasionale vleisbeestoekennings en SA Stamboek se vleisbeestoekennings is deel van hierdie besonderse geleentheid.

Kleinveeprogram:

1. ***BKB-kleinvee prestasie-kampioenskap saam met SA Stamboek***
   Hierdie projek identifiseer die tien beste jong ramme en ooie in elke kleinveeras wat deelneem aan Blup, op grond van prestasiedata en funksionele doeltreffendheid.
2. ***Barnlab voere "Bestof the best" kleinvee kampioene uitstalling (Borgskap nog nie bevestig nie)***
   Dit was een van die hoogtepunte van 2019. Wenners van die verskillende raskampioenskappe (dié wat wel voortgaan) word genooi om hul diere en stoeterye op Nampopark uit te stal.
3. ***ALFA-aanlyn-interrasskou (Borgskap nog nie bevestig nie)***
   Verskillende kleinveerasse word genooi om die aanlynplatform te gebruik om binne rasse elke ras se prestasiegetoetste wenram aan te wys. Hierdie wenners sal by Nampo/ALFA vertoon word.
4. ***Q-Pro Feeds nasionale kleinveegroeitoets saam met RFID***
   Kleinveerasse word genooi om topramme te identifiseer om deel te neem aan 'n groeitoets wat aangebied word by die RFID-sentrums van die Universiteite van Stellenbosch en die Vrystaat. Groei en voeromset word gemeet.
5. ***Nutri Feeds Moneymaker-nominasies***
   Hierdie projek gee erkenning aan uitsonderlike leeftydprestasies van ramme en ooie in die laaste fase van hul produksielewe op grond van vrugbaarheid, die prestasie van hul nageslag en hul eie prestasiedata.
6. ***RPO nasionale interras-slaglamkompetisie***
   'n Interraskompetisie tussen Suid-Afrika se kleinveerasse word by twaalf abattoirs in al nege provinsies aangebied. Wenners word per ras, per provinsie en nasionaal aangewys vir enkelkarkas en groep van vier.
7. **ALFA Inheemse kleinvee-ekspo (borg sal nog aangekondig word)**
   Na die suksesvolle uitstalling van 2019 fokus ons hierdie jaar op SA se ryke erfenis van inheemse kleinveerasse. Twee vroulike diere en een manlike dier per ras word vir elke ras uitgestal.
8. **Noordkaap *veldramklub veiling@ NampoALFA aangebied deur GWK Veewinkel.***
   Dit is die tweede jaar dat hierdie prestige veiling op Nampo park aangebied word. Net top prestasiegetoetste diere word aangebied.
9. ***ALFA Bok & tjop-braai***
   Die kleinveebedryf en alle aspekte daarvan word by die geleentheid gevier met 'n spitbraai en Ruan du Toit se musiek. Al die ALFA-projekte se toekennings, Samic se nasionale kleinveetoekennings en SA Stamboek se kleinveetoekennings is deel van hierdie besonderse geleentheid.

Suite nr 2,
Garsfontein office park
645 Jacqueline avenue
Pretoria
0081.
+(27)82 5622 188 / albert@nampoalfa.co.za

African Livestock Trade Fair
Online Projects 2021

NAMPO ALFA
Lewendehawe, Jag en Buitelewe

Wild program:

1. ***Total Agri Wild-ekspo:***

   'n Webinaarreeks oor die belangrikste faktore wat wildboere raak word uitgesaai en gevolg deur 'n uitstalling by Nampo/ALFA. Dit dek onderwerpe soos voeding, gesondheid, infrastuktuur asook kritiese sukses faktore. 'n Jagpakketveiling word ook as deel van hierdie program aangebied. 'n Wildboerdery paviljoen met 'n seepkis-gesprek word op Nampo/ALFA aangebied.

2. ***ALFA Wild & Wakker-Ontbyt***

   Wildsvleis en die geleenthede wat dit aan SA verbruikers bied, word by hierdie geleentheid uitgestal en gevier as deel van die ALFA-wildprogram en teen die agtergrond van die Nampo/ALFA jag-ekspo.

Suiwel program:

1. ***GWK Suiwelprestasieskou***

   Hierdie is die tweede aanbieding van hierdie unieke kompetisie wat genetiese waarde, prestasiedata en visuele beoordeling gebruik om wenners aan te wys.

2. ***Nutri Feeds Moneymaker-nominasies***

   Hierdie projek gee erkenning aan uitsonderlike leeftydprestasies van melkkoeie in die laaste fase van hul produksielewe. Vrugbaarheid en die prestasie van hul nageslag en hulself word in ag geneem.

3. **ALFA Suiwelras-Ekspo *(Borgskap nog nie bevestig nie)***

   Suid Afrika het vier melkbees-rasse en drie melkbokrasse wat by hierdie geleentheid uitgestal sal word. Daar sal ook 'n funksionele melkmasjien wees waar diere gemelk kan word.

4. ***ALFA People's Choice Cheese Challenge***

   Besoekers aan Nampo/ALFA kry die geleentheid om stukkies kaas van vyf verskillende soorte kase te proe en vir hul gunsteling te stem. Die wenkaas dra die kroon as die keuse van die mense.

5. ***ALFA Kaas & Wyn***

   Die suiwelbedryf kom bymekaar om die produkte van die bedryf te geniet terwyl die suiwelprestasieskou se semifinaliste beoordeel word en Logix Suiwel se presteerders erken word.

Varkbedryfsprogram:

1. ***Envarto Varkkarkas kompetisie***

   Die Envarto-varkkarkaskompetisie wat verlede jaar vir die eerste keer aangebied was, was een van 2020 se hoogtepunte. Varke kan hierdie jaar by veertien abattoirs in al nege provinsies aangebied word. ***Best Bacon kompetisie (Borgskap nog nie bevestig nie)***

   Die soektog is aan om SA se beste kwaliteit spek te vind. Hierdie kompetisie word in samewerking met die US aangebied wat die spek beide wetenskaplik en sensories evalueer.

3. ***ALFA Vark-rasekspo (Borgskap nog nie bevestig nie)***

   'n Verskeidenheid varkrasse word die jaar by Nampo/ALFA uitgestal om die verskeidenheid van die rasse wat varkvleisproduksie in SA ondersteun, bekend te stel.

4. ***ALFA People's Choice ham-challenge (Borgskap nog nie bevestig nie)***

   Besoekers aan Nampo/ALFA kry die geleentheid om stukkies ham van vyf verskillende verskaffers te proe en vir hul gunsteling te stem. Die wen-ham dra die kroon as die keuse van die mense.

5. ***ALFA Bacon-Breakfast***

   Al die ALFA-varkprojekte se toekennings asook Samic se nasionale varktoekennings vorm deel van hierdie unieke geleentheid teen die agtergrond van goeie kos en musiek.

Suite nr 2,
Garsfontein office park
645 Jacqueline avenue
Pretoria
0081.
+(27)82 5622 188 / albert@nampoalfa.co.za

Werksdier program:

1. ***Werkperd-ekspo (Borgskap nog nie bevestig nie)***
   ’n Aanlyn-ekspo wat die verskillende werkperdrasse en hul toepassing op veeplase demonstreer, word aangebied. Dit sal opgevolg word deur ’n uitstalling en demonstrasie by Nampo/ALFA.
2. ***Werkhond-ekspo (Borgskap nog nie bevestig nie)***
   ’n Aanlyn-ekspo wat die verskillende werkhondrasse en hul toepassing op veeplase demonstreer, asook ’n aanlynskou word aangebied. Dit sal opgevolg word deur ’n uitstalling, skou en demonstrasie by Nampo/ALFA.

Pluimvee program:

1. ***ALFA pluimveeuitstalling (Borgskap nog nie bevestig nie)***
   ’n Aanlyn-ekspo wat die verskillende pluimveerasse en produksiestelsels ten toon stel sal opgevolg word deur ’n uitstalling en skou by Nampo/ALFA saam met die Bloemfontein pluimveeklub.

Landboubesigheidsprogram:

1. ***Invoer/Uitvoer Expo (Borgskap nog nie bevestig nie)***
   Hierdie is die tweede aanbieding van hierdie ekspo saam met Waymakers & Agri Gauteng as ’n webinaar-reeks wat opgevolg sal word deur ’n uitstalling en werkswinkels by Nampo/ALFA.
2. ***SME-expo (Borgskap nog nie bevestig nie)***
   Hierdie is die eerste aanbieding van hierdie ekspo saam met die SBI & Agri Gauteng as ’n webinaar-reeks wat opgevolg sal word deur ’n uitstalling en werkswinkels by Nampo/ALFA.

Jeugprogram:

1. ***Voermol Aanlyn-Jeugskou***
   Die eerste aanlyn-jeugskou vir landbouskole was verlede jaar ’n groot sukses. Leerlinge neem in twee ouderdomsgroepe en sewe kategorieë deel deur middel van video-inskrywings. ’n Lewendige skou volg by Nampopark vir landbouskole.
2. ***Engen-Landbouskool-Bemarkingskompetisie***
   Leerlinge van landbouskole ding teen mekaar mee deur middel van video’s wat deur leerlinge oor hul skool aangebied word en die skool se landbouprogram om potensiële leerlinge vir hul skool te werf.
3. ***Zoetis junior interras***
   Landbouskole neem deel aan ’n eie vleisbees interraskompetisie met die skole se eie Young Farmers-kuddes teen mekaar deelneem.
4. ***FNB-Landbouskoolkonferensie***
   Landbouskole neem deel aan ’n konferensie met kenners oor die verskillende onderwerpe wat belangrik is in die proses om ’n leerling van die skoolbank tot ’n loopbaan in landbou te ondersteun.
5. ***Afgri Veevoere Aanlyn-Konynskou***
   Hierdie aanlynskou vir landbouskole word deur ’n internasionale beoordelaar beoordeel. Vyf verskillende rasse ding teen mekaar mee vir die beste interraskonyn op die skou.
6. ***Santam-Landboustudent Program***
   Studente van verskillende universiteite vorm met hierdie projek deel van die ALFA reëlingskomitee by Nampo/ALFA.